# FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID EN DIE **"SALOMO BEGINSEL"**



WORD DEEL VAN NET 3 TOT 4 PERSENT VAN SUID-AFRIKANERS

attooh!
GOALS ACHIEVED

deur **Wouter Snyman**

# INHOUDS**OPGAWE**

1. WAAR STAAN JY MET JOU FINANSIES? **2**

2. WAT IS FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID? **2**

3. DIE BELANGRIKSTE PROSES: VRA **4**

4. SALOMO BEGINSEL: 3 EENVOUDIGE STAPPE **7**

5. DELG JOU SKULD IN DIE VOLGENDE 7 NA 10 JAAR **7**

6. WEET JY WAT JOU SKULD BEHELS? **8**

7. SKULD OPSOMMING **9**

8. SKULD OPSOMMING **12**

9. DIE SNEEUBAL EFFEK **13**

10. NOG 'N VOORBEELD VAN SKULD TERUGBETALING **14**

*Word Deel Van Net 3 Tot 4 Persent Van Suid-Afrikaners*

# *Finansiële Onafhanklikheid En Die "Salomo Beginsel"*

## WAAR STAAN JY MET **JOU FINANSIES?**

Waar staan jy nou met jou finansies? Is jy finansieel onafhanklik? Of eerder is jy oppad om finansieël onafhanklik te word? Indien jy is, baie geluk, jy maak deel uit van ‘n uitgesoekte groep van 3 tot 4 persent van Suid Afrikaners. Indien nie, kan jy of redeneer dat jy in die goeie geselskap van 97 persent van Suid Afrikaners is...

OF jy kan iets doen om dit te verander!

***Vraag wat jy dalk wil vra:***

## WAT IS FINANSIËLE **ONAFHANKLIKHEID?**

Finansiële Onafhanklikheid In sy eenvoudigste vorm beteken dat jy genoeg Bates het wat ‘n passiewe inkomste genereer wat jou maandelikse uitgawes dek. So eenvoudig soos dit, nie R1 miljoen in die bank nie, geen buitensporige salarisse of voordele nie.

In ‘n praktiese voorbeeld beteken dit dat jy ‘n 2de eiendom het wat R5000 per maand huurinkomste genereer en jou maandelikse uitgawes is R4800, m.a.w jy genereer ‘n surplus elke maand van R200 sonder om ‘n steek werk te doen.

Bitter min van ons het totale uitgawes van R4800 per maand. Die bedrae sal verskil van individu tot individu. Die beginsel bly egter dieselfde – Ons noem dit die “Salomo Beginsel”.

“Salomo Faktor” verwys na wysheid wat dood eenvoudig kennis in aksie is, doen dit wat ons weet die regte goed is om te doen.

Wat moet ek verander van my huidige ***finansiële gewoontes*** om te kom van waar ek nou is tot waar ek **wil wees?**

### 40 JAAR VAN NOU…….UIT ELKE 100 MENSE WAT VANDAG 25 IS SAL:

- Slegs 4 finansieël onafhanklik wees;
- 34 sou al afgesterf het;
- 10 sal afhanklik wees van n staatspensioen;
- 20 sal nog MOET werk; en
- 32 sal afhanklik wees van hulle familie om hulle te ondersteun.

## DIE BELANGRIKSTE **PROSES: VRA!!**

Die belangrikste proses om Finansieël Onafhanklik te word is eenvoudig: VRA!! Vind uit wat die 4 persent onafhanklike mense anders doen as die res. Omdat daar net 4 persent van mense in die kategorie val is dit dalk moeilik om hulle op te spoor. Daar is gelukkig honderde boeke geskryf oor die onderwerp en ek het al meeste van hulle gelees. Van die universele beginsels of "Salomo Beginsels" wat ek kon uitlig is die volgende.

Kry JOU antwoorde op die volgende drie vrae:

### *1. Waar is jy nou met jou finansies?*

Wat is jou inkomste teenoor jou uitgawes. Stel 'n begroting op en sien presies hoe jy jou geld spandeer. Het jy 'n surplus aan die einde van die maand, of het jy 'n oortrokke fasiliteit, kredietkaart of lenings nodig om jou lewensstyl te finansier. Of, is jy alreeds in die gelukkige posisie en het jy elke maand geld oor in jou bank rekening, indien wel, wat maak jy met die geld wat jy oor het? 'n Baie belangrike vraag is, "Hoeveel het jy nodig as 'n passiewe inkomste om jou totale uitgawes te dek?".

### *2. Wat is jou doelwit (visie) vir jou finansies?*

Het jy 'n droom oor hoeveel jy wil verdien, wat jy graag wil hé en doen, wanneer jy

wil aftree. Daar is 'n engelse spreekwoord wat sé "If you fail to plan, you plan to fail". Die meeste van die 96% wat nooit Finansieël Onafhanklik sal word nie is agv. die feit dat hulle nie finansiële doelwitte vir hulleself stel, en die regte aksie stappe volg om daar te kom.

### 3. *Wat moet ek verander?*

Wat moet ek verander van my huidige finansiële gewoontes om te kom van waar ek nou is tot waar ek wil wees? Wat is jou padkaart, of roete wat jy gaan volg tot onafhanklikheid.

Dit is soos om jou weg te vind van Pretoria na Kaapstad deur gebruik te maak van 'n GPS of 'n padkaart. In die eerste plek moet jy weet wat jou huidige adres is, tweedens moet jy weet presies waarheen jy wil gaan, en derdens moet jy die aanwysings volg wat jou gewoonlik die maklikste en vinnigste by jou bestemming sal bring.

*Word finansieël onafhanklik deur die volgende stappe*

---

## *Die "Salomo Beginsel" - van skuld tot welvaart*

---

*3 Eenvoudige stappe*

# SALOMO BEGINSELS: **3 EENVOUDIGE STAPPE**

Die 3 stappe om jou in die top 3 tot 4 persent van Finansiële Onafhanklike mense te plaas.

Van die eenvoudigste konsepte of "Salomo Beginsels" is as volg:

1. ***Betaal jouself eerste*** – Allokeer ten minste 10% van jou salaris aan jouself. Dit is om te gebruik om waarde te begin bou vir jouself en jou familie. Belê die 10 persent goed en skep welvaart.

2. ***Saai ten minste 10% van jou geld*** – Feitlik alle onafhanklike individue ondersteun die beginsel om geld te gee vir ander. Dit het niks te doen met jou geloofsoortuiging nie, maar wel oor die konsep dat jy nie kan ontvang sonder om te gee nie.

3. ***Leef binne die 80% wat oorbly*** – Robert Kiyosaki het per geleentheid al gesê, "Dit het niks te doen met hoeveel jy verdien nie, maar alles met hoeveel jy uitgee".

Jy kan argumenteer dat jy huidiglik nie oor die weg kom met jou finansies so daar is geen manier hoe jy 20% kan afstaan en nog uitkom nie! 'n Paar wenke oor hoe om jou finansiële posisie drasties te verander sonder om jou lewenstyl noodwendig te verander is as volg:

# DELG JOU SKULD IN DIE VOLGENDE **7 NA 10 JAAR**

Skuld is die grootste rede hoekom individue NIE welvaart kan skep nie. Ek weet meeste mense sal vir my sê dit is onmoontlik om 'n huis kontant te koop, dit is dalk waar! Wat wel nie waar is, is die termyn waaroor ons skuld terugbetaal. Doen jouself 'n guns en vra jou bank bestuurder hoekom 20 of 30 jaar die algemene reël is vir

terugbetaling van huisskuld?

## WEET JY PRESIES WAT **JOU SKULD BEHELS?**

Het jy huidiglik te veel skuld en geen idée hoe om dit af te betaal nie? Gelukkig is daar 'n maklike manier, met dissipline, om jou skuld te delg. Volg die volgende 3 stappe vir sukses.

### *Stap 1*

Maak kontant los uit jou begroting. Eerste vraag is dalk, het jy 'n begroting? Ek weet meeste mense sien en ervaar dit as 'n vloekwoord. Sonder 'n begrip waarop jy geld spandeer en waar jy moontlik kan bespaar gaan jy moeilik beheer neem van jou finansies. Kyk na ons webblad by www.attooh.co.za waar ons 'n gratis begrotings beplanner funksie het.

Die gemiddelde Suid Afrikaner kan tussen 10 persent en 20 persent bespaar sonder om 'n ekstra sent te hoef te verdien. As jy 'n bedrag van R100 na R500 kan bespaar elke maand en dit aanwend om skuld te delg sal jou termyn met 3 na 5 jaar verminder.

Van die eerste plekke waar jy in jou begroting kan kyk om 'n besparing te realiseer is as volg:

***Rentekoerse:*** Weet jy wat jou rentekoerse is wat jy betaal? Terwyl rentekoerse 'n impak het op skuld terugbetaling is dit eerder die termyn wat bepaal hoeveel ekstra geld jy betaal aan skuld. Kontak jou bank en kyk of jy afslag kan beding m.b.t jou rentekoers. Selfs 'n 0.5 persent korting kan 'n impak van 'n honderd rand hê.

***Korttermyn polisse:*** Het jy jou korttermyn polisse al hersien die afgelope 12 maande? Jy kan tot 30 persent bespaar deur die regte bybetalings opsies sowel as dekkings

bedrae uit te neem. Die mark is ongelooflik kompeterend en deur net te vra vir 'n tweede opinie kan jy al klaar 'n paar honderd rand spaar. Onthou bates wat jy verseker neem af in waarde elke jaar, jy word slegs gedek vir die markwaarde, nie die versekerde waarde. As jy nie jou portefeulje hersien het in die laaste 12 maande betaal jy vir dekking wat nie gaan uitbetaal nie.

***Langtermyn polisse:*** Selfde vraag, het jy n volledige analise gedoen die afgelope 12 maande op jou risiko polisse? Hoeveel risiko polisse het jy in jou portefeulje, en het jy die regte en genoegsame dekking? Die afgelope 10 jaar het die koste van risiko dekking soos vir dood, ongeskiktheid en ernstige siekte met soveel as 30 persent gedaal, tesame hiermee het nuwe produkte die lig gesien wat beter dekking kan bied aan jou en jou gesin, wat meer koste effektief is en meer waarde bied.

***Kontak een van ons konsultante by 086 128 8664 vir 'n 2de opinie.***

## *Stap 2*

As jy bogenoemde gedoen het is dit nodig om 'n skuld opsomming saam te stel van al jou skuld. Die doel hiervan is om te bepaal watter skuld moet jy eerste begin delg. Sien voorbeeld op die volgende bladsy:

Sien stap 3 vir verduideling oor kolomme 5, 6 en 7.

# SKULD **OPSOMMING**

| SKULD | BALANS | PAAIEMENT | TERMYN | PRIORITEIT VAN BETALING | VERSNELDE BETALING | MAANDE TOT AFBETAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *1* | *2* | *3* | *4* | *5* | *6* | *7* |
| *Huislening* | | | | | | |
| *Kredietkaart (1)* | | | | | | |
| *Kredietkaart (2)* | | | | | | |
| *Klere Rekeninge* | | | | | | |
| *Persoonlike Lening* | | | | | | |
| *Kar (1)* | | | | | | |
| *Kar (2)* | | | | | | |
| TOTAAL: | | | | | | |

# Stap 3

### As jy jou skuld opsomming het voltooi dit soos volg:

**A.** Skryf neer die bedrag wat jy uit jou begroting kon losmaak in Stap 1 **R500**

**B.** Skryf elke skuld wat jy het in kolom 1 hieronder, totale balans uitstaande in kolom 2 met die minimum maandelikse paaiement betaalbaar in kolom 3.

**C.** Deel die totale balans (Kolom 2) deur die maandelikse paaiement (Kolom 3) en skryf jou antwoord in Kolom 4.

**D.** Bepaal die prioriteit van betaling deur die kortste termyn (Kolom 4) as 1ste prioriteit te identifiseer en skryf die ranglys neer van elke skuld item.

**E.** Kolom 6 tel jy die bedrag wat jy kon spa ar in jou begroting A hierbo, ongeag wat hierdie bedrag is by die bestaande paaiement (Kolom 3). Begin by prioriteit 1 skuld. Doen nou n beraming en deel Skuld nr. 1 se totale balans (kolom 2) deur die nuwe paaiment (Kolom 3 PLUS A). Skryf nuwe antwoord in kolom 7 wat die nuwe terugbetaal tyd sal bepaal vir die skuld item.

**F.** As skuld prioriteit 1 afbetaal is, neem totale paaiement van Skuld 1 (paaiement (Kolom 3) PLUS A) en tel dit by skuld prioriteit 2.

**G.** Herhaal die proses tot jy al jou skuld gedelg het.

**H.** Totale Skuld (totaal van Kolom 2) **R 1 282 620**

**I.** Totale Maandelikse betaling (totaal van Kolom 3) **R 20 613**

**J.** Totale versnelde paaiement ( A + I) **R 21 113**

**K.** Jare tot totale skuld afbetaal is (Kolom 7 gedeel deur 12) **( 78/12) = 6 jaar**

# SKULD **OPSOMMING**

| SKULD | BALANS | PAAIEMENT | TERMYN | PRIORITEIT VAN BETALING | VERSNELDE BETALING | MAANDE TOT AFBETAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ***1*** | ***2*** | ***3*** | ***4*** | ***5*** | ***6*** | ***7*** |
| ***Huislening*** | 1000 000 | 7332 | 136 | 7 | 21 113 | 47 |
| ***Kredietkaart (1)*** | 17 000 | 340 | 50 | 4 | 12 806 | 2 |
| ***Kredietkaart (2)*** | 32 870 | 657 | 50 | 5 | 13 463 | 3 |
| ***Klere Rekeninge*** | 11 220 | 336 | 33 | 3 | 12 466 | 1 |
| ***Persoonlike Lening*** | 25 530 | 316 | 80 | 6 | 13 780 | 2 |
| ***Kar (1)*** | 123 500 | 6 719 | 18 | 2 | 12 129 | 10 |
| ***Kar (2)*** | 72 500 | 4 910 | 14 | 1 | 5410 | 13 |
| TOTAAL: | 1 282 620 | 20 613 | | | | 78 |

# Die SNEEUBAL EFFEK

Begin skuld af te betaal deur elke ekstra rand te betaal op die #1 prioriteit skuld. Hier begin die wonderwerk! Konsentreer al jou energie om hierdie skuld te delg, volg dan die plan om die bal aan die rol te kry:

**Stap 1:**
**#1 Prioriteits Skuld word eerste betaal**

Betaal die skuld met die hoogste prioriteit.

**Stap 2:**
**Betaal die skuld met 2de hoogste prioriteit**

Sodra die skuld wat die **#1** prioriteit afbetaal is gebruik die totale premie van **#1** by **#2** en betaal **#2** teen supersoniese spoed af.

**Stap 3:**
**Betaal die volgende skuld op jou prioriteitslysie**

Sodra **#1** en **#2** afbetaal is gebruik jou totale premie, **#1** plus **#2** en tel dit by **#3** se paaiement. Gebruik hierdie momentum om jou skuld in totaliteit af te betaal en 'n skuldvrye lewe te geniet.

***Die model om skuld te delg is al vir 1000de mense gebruik met baie suksesvolle resultate. Jy moet net aan drie goed voldoen om suksesvol te wees:***

1. ***Maak 'n besluit om skuldvry te kom.***
2. ***Maak 'n besluit om nie weer skuld aantegaan nie.***
3. ***Volg die bogenoemde struktuur.***

## NOG 'N VOORBEELD VAN **SKULD TERUGBETALING**

As jy ekwiteit in jou eiendom het, m.a.w jy het alreeds 'n klomp kapitaal afbetaal oor tyd en die waarde van jou eiendom laat dit toe dat jy ekstra kapitaal kan ontrek, volg jy die volgende stappe van skuld optimalisering (let wel nie skuld konsolidasie).

Skuld optimalisering beteken jy gebruik ekwiteit in jou huislening om alle korttermyn skuld te delg.

NB. As jy dit gedoen het neem jy die volle paaiement wat jy betaal het aan korttermyn skuld en voeg dit by jou huislening paaiement en betaal jou huislening nou oor 'n baie korter termyn af, gewoonlik tussen 5 en 10 jaar afhangende van die hoeveelheid kortermyn skuld wat jy gehad het.

**Nb. Bogenoemde Advies Het Al Duisende Mense Se Lewens Verander. Dit Neem Egter Nie Die Rol Oor Van 'N Goeie Adviseur Wat Jou Kan Help Om Die Strukture Te Implementeer. Ek Raai Jou Aan Om N Afspraak Te Maak By Jou Adviseur En Sy Advies In Te Win.  As Jy N 2De Opinie Wil Hê Het Ek Adviseurs Landswyd Wat Jou Met Raad Kan Bedien.**



**Wouter Snyman**

Vir meer besonderhede skakel my gerus :

**Rene du Preez | 079 851 0449 | rene@attooh.co.za**